higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Veelvoorkomende vrae: Wysigings aan DHOO-befondsing vir arm en werkersklasstudente in openbare hoëronderwysinstellings.

Die volgende veelvoorkomende vrae handel oor die wysigings aan studentebefondsing voortspruitend uit die aankondiging deur die President van Suid-Afrika, op 16 Desember 2017, dat die regering "ten volle gesubsidieerde gratis hoër onderwys en opleiding vir arm en werkersklas-Suid-Afrikaners" gaan infaseer oor verloop van die volgende vyf jaar.

Hierdie aankondiging het gelei tot die totstandbrenging van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) se Beursskema vir arm en werkersklasstudente met die oog op toegang tot studies aan 'n openbare universiteit.

Die nuwe DHOO-beursskema is maar één komponent van die regering se respons op volgehoue interaksie binne die hoëronderwyssektor oor die koste van hoër en naskoolse onderwys en opleiding in Suid-Afrika, en is deel van die regering se reaksie op die aanbevelings van die Heher-kommissie.

Die President se aankondiging het implikasies vir die befondsing van bestaande universiteitstudente wat vir NSFAS kwalifiseer sowel as vir nuwelingstudente in 2018. Hierdie implikasies word hieronder uiteengesit in afdelings A en B onderskeidelik. Afdeling C handel oor die 8% DHOO 2018-aansuiweringstoelae.

A: <u>Wat beteken die President se aankondiging vir universiteitstudente wat reeds besig is met hul studies</u>?

1. Sal ek as terugkerende student wat vir NSFAS-befondsing kwalifiseer 'n lening of 'n beurs ontvang in 2018?

As jy jou studies voortsit in 2018 en jy in 2017 of vroeër NSFAS-befondsing ontvang het, sal jou 2018 NSFAS-toewysing in ooreenstemming met die President se aankondiging nou as 'n beurs toegeken word. Hierdie NSFAS-toewysing hoef nie terugbetaal te word nie.

2. **Ek is ’n terugkerende universiteitstudent en skuld NSFAS die leningsbedrag vir 2016 en 2017. Beteken die President se aankondiging dat my NSFAS-skuld nou omskep gaan word in ’n beurs?**

   Jy sal die nodige bystand ontvang om te registreer en jou studies vanaf 2018 voort te sit deur beursbefondsing. Jou lenings van vorige akademiese jare gaan nie in hierdie stadium omskep word in beurse nie.

   Die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding sal, na afloop van omsigtigsheids- en bekostigbaarheidsondersoeke in samewerking met die Departement van Beplanning, Monitering en Evaluering en die Nasionale Tesourie, die befondsingsbedrag bepaal om te begin werk maak van die geld wat studente aan NSFAS en instellings skuld.

   As jy ’n tweedejaarstudent is wat in 2018 besig is met ’n driejaarkwalifikasie, sal befondsing vir jou tweede en derde jaar in die vorm van ’n beurs wees, wat nie terugbetaal hoef te word nie.

3. **Ek is ’n terugkerende student wat vir NSFAS-befondsing kwalifiseer. Moet ek registrasiegeld betaal of ’n voorbetaling aan die Universiteit doen?**

   Nee, jy hoef nie registrasiegeld te betaal of enige voorbetaling te doen nie. ’n Reëling is met universiteite getref sodat jy toegelaat sal word om te registreer. Jou registrasiegeld/voorbetaling sal gedek word deur jou NSFAS-pakket.

4. **Ek is ’n terugkerende universiteitstudent en het in 2018 vir die eerste keer aansoek gedoen by NSFAS. Sal ek in aanmerking kom vir finansiële hulp vir die 2018 akademiese jaar selfs as ek nié ’n nuwelingstudent is nie?**

   Ja, jy sal in aanmerking kom vir finansiëlehulp-befondsing, mits jy voldoen aan die akademiese en finansiële vereistes wat vóór 2018 gegeld het.

   As terugkerende student sal jou gekombineerde huishoudelike-inkomstedrumpel geassesseer word volgens die 2017 NSFAS DHOO se Algemene Fonds-kriteria (d.w.s. tot en met R122 000 per jaar).

5. **Ek is ’n terugkerende universiteitstudent en het nie vantevore befondsing ontvang nie, omdat ek finansieel nie vir NSFAS gekwalifiseer het nie. Vir 2018 is my gekombineerde bruto gesinsinkomste tussen R122 000 en R350 000 per jaar. Beteken dit dat ek nou kwalifiseer vir NSFAS?**

   Terugkerende studente wat aansoek gedoen het vir NSFAS-befondsing vóór die sluitingsdatum van 30 November 2017 sal oorweeg word vir befondsing. Die kriteria wat toegepas sal word om te bepaal of terugkerende studente in aanmerking kom vir befondsing sal die pre-2018 DHOO Algemene Fonds-

kriteria wees (d.w.s. met gebruikmaking van die bruto huishoudelike-inkomstedrumpel van R122 000 per jaar).

Die rede vir hierdie kriteria is dat die nuwe DHOO-beursskema oor verloop van vyf jaar ingefaseer word, beginnende met 2018 se nuwelingstudente.

6. **Ek het vantevore NSFAS-befondsing ontvang, maar het in 2016 uitgeval omdat ek nie aan die akademiese vereistes voldoen het nie. Ek het in 2017 teruggekeer na die Universiteit en het my eie gelde betaal deur finansiële bystand vanuit ander bronne. Ek voldoen aan die akademiese vereistes om voort te gaan in 2018. Sal ek befonds word deur NSFAS?**

   Ja, jou NSFAS-befondsing sal heringestel word aangesien jy aan die akademiese vereistes voldoen. Dit is in lyn met NSFAS-reëls. Jou befondsing in 2018 sal ’n beurs wees en nie ’n lening nie.

7. **Ek kom uit ’n gesin met ’n bruto jaarlikse huishoudelike inkomste onder R122 000. Ek was in ’n vorige akademiese jaar by ’n universiteit geregistreer, maar het toe uitgeval weens finansiële beperkings. Sal ek kwalifiseer vir befondsing om terug te keer universiteit toe om my kwalifikasie te voltooi?**

   Ja, jy sal kwalifiseer vir befondsing, mits jy aan NSFAS se kriteria vir akademiese vordering voldoen, vóór 30 November 2017 aansoek gedoen het vir NSFAS-befondsing, en jou gesin se bruto jaarlikse inkomste nie R122 000 oorskry nie.

8. **Ek het my graad verwerf in 2016 en het NSFAS-skuld. Sal my NSFAS-skuld afgeskryf word of omskep word in ’n toelae?**

   Jou situasie sal hanteer word as deel van die proses soos beskryf in vraag 2.

9. **Ek is ’n terugkerende student in 2018 wat vir NSFAS kwalifiseer en ek het universiteitskuld. Kan ek by NSFAS aansoek doen vir ’n toelae om my universiteitskuld te vereffen?**

   Jou universiteitskuld sal hanteer word as deel van die proses soos beskryf in vraag 2.

10. **Ek is ’n terugkerende student in 2018 wat vir NSFAS kwalifiseer en ek het universiteitskuld. Sal ek toegelaat word om te registreer?**

    Ja, jy kan registreer mits jy die nodige reëlings met jou universiteit getref het. Jy sal nie nodig hê om registrasiegeld te betaal of om ’n voorbetaling te doen om te registreer in 2018 nie. NSFAS sal dit namens jou betaal.

    Jou universiteitskuld sal hanteer word as deel van die proses soos beskryf in

vraag 2.

B: <u>Wat beteken die President se aankondiging vir nuwelingstudente in 2018</u>?

11. Wat is die nuwe DHOO-beursskema?

Op 16 Desember 2017 het die President aangekondig dat die regering “ten volle gesubsidieerde gratis hoër onderwys en opleiding vir arm en werkersklas-Suid-Afrikaners” gaan infaseer en dat dit in 2018 aan eerstejaarstudente voorsien sal word deur die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS).

Ten einde uitvoering te gee aan die President se aankondiging is die huidige DHOO Algemene Fonds vir arm Suid-Afrikaanse studente wat deur NSFAS geadministreer word, uitgebrei en omskep in ’n beursskema vir arm en werkersklas-Suid-Afrikaners. Die DHOO-beursskema sal ingefaseer word oor verloop van vyf jaar, beginnende in 2018.

12. Hoe sal die DHOO-beursskema ingefaseer word?

Die President het aangekondig dat die regering “ten volle gesubsidieerde gratis hoër onderwys en opleiding vir arm en werkersklas-Suid-Afrikaanse voorgraadse studente gaan infaseer, beginnende in 2018 met studente in hul eerste studiejaar by ons openbare universiteite”.

Wat dit beteken, is dat die DHOO-beursskema in 2018 **slegs** beskikbaar sal wees vir <u>nuwelingstudente</u> wat met voorgraadse studies begin aan openbare hoëronderwysinstellings.

Oor die vyfjaartydperk van 2018 tot 2022 sal die skema ingefaseer word om alle voorgraadse studiejare te dek.

In 2018 sal die nuwelingstudente ten volle voordeel trek uit die nuwe skema. Elke daaropvolgende jaar sal die volgende groep nuwelingstudente begin voordeel trek uit die skema. Binne vyf jaar sal studente in alle jare van voorgraadse studie in alle programme voordeel trek uit die skema.

13. Wat is ’n nuwelingstudent in die universiteitstelsel?

’n Nuwelingstudent in ’n persoon wat nog nooit vantevore by enige universiteit in die stelsel geregistreer was nie, en die universiteit vir die eerste keer as voorgraadse student betree – vir sy/haar eerste voorgraadse kwalifikasie.

Hierdie persoon mag wel al vantevore by ’n TBOO-kollege gestudeer het en finansiële ondersteuning daarvoor ontvang het.

Daar is geen ouderdomsperk vir nuwelingstudente nie. Enigeen met die

vereiste akademiese agtergrond wat toegelaat word tot studie in ’n openbare hoëronderwysinstelling en wat aan die kriteria vir finansiële bystand voldoen, sal befondsing ontvang.

Let daarop dat ’n vaste aanbod van toelating tot ’n universiteit, wat ’n aansoek by ’n openbare universiteit vereis, ’n belangrike voorvereiste is om te kwalifiseer vir befondsing. Slegs studente met sodanige vaste aanbiedinge kan in aanmerking kom vir beurse.

14. Wie kwalifiseer vir befondsing deur die Beursskema?

Vanaf 2018 sal voornemende **Suid-Afrikaanse** nuweling-universiteitstudente wat **’n vaste aanbod van plek by, of bevestiging van toelating tot, ’n hoëronderwysinstelling ontvang het en wat aan die kriteria vir finansiële bystand voldoen, d.w.s. lid is van ’n “arm en werkersklasgesin”**, in aanmerking kom vir befondsing.

Voornemende studente moet Suid-Afrikaanse burgers wees om in aanmerking te kom vir die beurs.

Voornemende studente moes ’n **vaste aanbod** van ’n openbare hoëronderwysinstelling ontvang het en moes daardie aanbod aanvaar het (om te registreer vir ’n eerste tersiêre kwalifikasie), om in aanmerking te kom vir befondsing.

“Arm en werkersklas” beteken dat die voornemende student lid is van ’n gesin met ’n bruto huishoudelike inkomste wat nie R350 000 per jaar oorskry nie.

Die “huishoudelike inkomste” word slegs bereken in terme van die direkte gesinsinkomste (d.w.s. ouers, wettige voogde of gade) van die voornemende student. Dit sluit nie die inkomste van die uitgebreide familie (bv. broers, susters, tannies en ooms, grootouers) in nie, tensy hulle die student se wettige voogde is.

Die tersaaklike gesinslede (d.w.s. ouers, wettige voogde of gade) van enige voornemende student wat aansoek doen vir DHOO-beursbefondsing sal toestemming moet verleen aan NSFAS om ’n **middeletoets** te doen om te verifieer dat die voornemende student kwalifiseer vir befondsing, alvorens die toekenning gemaak kan word.

15. Wat sal alles gedek word deur die beurs?

Alle kwalifiserende studente sal voorsien word van ’n **beurs wat die werklike koste van hul klasgeld dek**, plus ’n NSFAS-bepaalde toelae vir **voorgeskrewe leermateriaal**.

Die **werklike koste van klasgeld** beteken die klasgeld vir die spesifieke program waarvoor die student geregistreer is by ’n instelling; hierdie klasgeld

wissel afhangende van die studierigting (bv. ingenieurswese, medies, lettere en wysbegeerte, geskiedenis, ens.) en die betrokke instelling.

Voorgeskrewe leermateriaal sluit in die leermateriaal wat benodig word vir die betrokke kursusse – byvoorbeeld 'n kunsstudent benodig dalk verf/kwaste/skilderdoek; 'n grafieseontwerpstudent benodig 'n skootrekenaar met spesifieke sagteware; 'n wiskundestudent sal 'n handboek benodig, ens. Instellings sal met NSFAS saamwerk om die pakkette vir verskillende studierigtings te definieer. Die bedrag per student sal beperk word. Die verwagting is dat die voorgeskrewe materiaal die minimum sal wees wat deur die student benodig word om sukses moontlik te maak; studente sal toegang verkry tot bykomende en gewenste leerondersteuning deur universiteitsbiblioteke en bykomende hulpbronne wat beskikbaar is aan geregistreerde studente, soos aanlyn oop-leer-materiaal.

16. Wat word bedoel met 'gesubsidieerde huisvesting en vervoer- en/of bestaanstoelae'?

DHOO-beursstudente **kan** in aanmerking kom vir gesubsidieerde huisvesting en lewenskoste, insluitende maaltye.

Indien 'n student kwalifiseer, sal dit as deel van die beurs toegeken word.

Gesubsidieerde huisvesting en bestaanstoelae verwys na die volgende: die regering dek die koste van huisvesting, maaltye en basiese lewensonderhoud, **beperk** tot 'n sekere bedrag vir diegene wat dit benodig, gebaseer op die beleid wat op institusionele vlak geïmplementeer is.

Huisvesting sal beperk word tot gedefinieerde institusionele verblyftariewe. Indien maaltye nie ingesluit is by die koste van huisvesting nie, sal 'n afsonderlike standaardtoelae (bepaal deur NSFAS) beskikbaar gestel word vir voedsel en basiese lewensnoodsaaklikhede wat nodig mag wees om die student se studies te ondersteun. Huisvesting sal verskaf word ingevolge die universiteit se behuisingsbeleid.

17. Wie sal kwalifiseer vir befondsing vir gesubsidieerde huisvesting en vervoer- en/of bestaanstoelae?

Universiteite is die beste geposisioneer om besluite te neem oor vervoer-, bestaans- en huisvestingstoelae. Kwalifiserende studente wat huisvesting gekry het in universiteitsbestuurde studenteakkommodasie (insluitende operasionele huurooreenkomste vir studenteakkommodasie tussen die Universiteit en 'n diensverskaffer) sal outomaties kwalifiseer.

Studente wat kwalifiseer vir studentebehuising ingevolge die Universiteit se studentebehuisingsbeleid, maar wat weens beperkte koshuisplek nie in universiteitsbestuurde akkommodasie geakkommodeer kan word nie, kan in

aanmerking kom vir ’n toelae vir geskikte privaat verblyf nadat amptelike bevestiging van die Universiteit ontvang is dat die student wel kwalifiseer. NSFAS sal moontlik bevestiging van die Universiteit moet kry dat die huisvesting geskik is vir gebruik deur studente.

’n Stel kriteria sal by elke instelling toegepas word om te identifiseer watter studente kwalifiseer om gesubsidieerde huisvesting en voedsel en/of vervoer te ontvang.

Kwalifiserende studente wie se woonadresse binne ’n radius van 30 kilometer van die universiteitskampus af geleë is, sal nie in aanmerking kom vir ’n huisvestingstoelae nie. Hierdie studente kan in aanmerking kom vir vervoer- en/of bestaanstoelaes. Daar is egter begrip vir die feit dat sommige studente wie se woonadresse binne hierdie radius is, huisvesting kan benodig indien lewensomstandighede tuis nie bevorderlik is vir doeltreffende studie nie. Universiteite sal hierdie studente identifiseer vir ondersteuning ingevolge hul behuisingsbeleide.

18. Watter voorwaardes geld indien ’n beurs aanvaar word?

Indien ’n voornemende student vir ’n beurs kwalifiseer, sal hy/sy ’n bindende kontrak moet onderteken.

Begunstigdes van DHOO-beursbefondsing hoef nie die fondse in geldwaarde terug te betaal nie. Begunstigdes moet wel aan sekere akademiese voorwaardes/kriteria voldoen, sowel as aan diensvereistes vir die duur van die studie, sowel as ’n verbintenis tot die land oor die langer termyn.

Enige gegradueerde student wat befondsing ontvang het via die DHOO-beursskema en wat na ’n ander land toe wil emigreer, sal die fondse moet terugbetaal voordat hy/sy die land verlaat.

Die voorwaardes sluit in:

- In die **eerste studiejaar** is dit die verantwoordelikheid van die student om te fokus op sy/haar studies en om op ’n verantwoordelike en gedissiplineerde manier aan te pas by die studentelewe;

- In die **eerste studiejaar en elke daaropvolgende jaar** moet die student aan die volgende **akademiese vereistes** voldoen:

    - Woon lesings, tutoriale en akademiese ondersteuningsprogramme by soos vereis deur die instelling, en neem aktief daaraan deel;

    - Voltooi alle werksopdragte en/of take soos vereis ingevolge die prestasievereistes van die instelling;

- Lê alle toetse en eksamens (skriftelik en mondeling) af soos vereis ingevolge die prestasievereistes van die instelling;

- Verkry bevredigende uitslae vir bogenoemde opdragte, take, toetse en eksamens; en
- Voldoen aan die vorderingsvereistes van die instelling, en slaag ten minste 50% van alle kursusse in die eerste studiejaar, en slaag genoeg kursusse in daaropvolgende jare om dit vir hulle moontlik te maak om hul studies in die **minimum aantal jare plus één jaar** te voltooi (n + 1 studiejaar) [d.w.s. maksimum van twee studiejare vir ŉ eenjarige hoërsertifikaat; drie studiejare vir ŉ tweejaardiploma; vier studiejare vir ŉ driejaargraad of -diploma; vyf studiejare vir ŉ vierjaargraad; sewe studiejare vir ŉ sesjaargraad].

- In hul **tweede studiejaar en alle daaropvolgende jare tot voltooiing** moet studente benewens hul akademiese studies ook aan die volgende diensvereistes voldoen:

  - Neem deel aan ŉ minimum van 10 dae (80 ure) gemeenskapsdiens of spesiale projekwerk, wat deur die student self gekies word uit ŉ groot verskeidenheid moontlikhede, waarvan die doel is om ŉ kultuur van "terugploeg in die gemeenskap" en werk met die oog op die verbetering van ons land by die student in te skerp.

  - Die diens kan aktiwiteite insluit soos vrywillige deelname aan ŉ omgewingskoonmaakveldtog; hulpverlening by ŉ VKO-sentrum deur stories te lees of speletjies te speel met die kinders; hulp aan vroeëgraadonderwysers deur na kinders se leeslesse te luister; vrywillige werk by ŉ ouetehuis (gesels met oumense of verrig enige ander taak wat nodig mag wees); vrywillige werk by ŉ hospitaal of kliniek (help verpleegpersoneel met enige take wat nodig mag wees); vrywillige werk in ŉ biblioteek; vrywillige deelname aan ŉ buurtwag om die veiligheid van burgers te verseker, ens. Hierdie diens moet gratis aangebied word.

  - Die student kan hierdie werk op enige stadium in die jaar onderneem, tydens vakansies, oor naweke, of gedurende die termyn wanneer hulle nie klasse of tutoriale het om by te woon nie.

  - Die student moet een maal per jaar ŉ verslag indien wat deelname bevestig, onderteken deur die bestuurder van die betrokke program.

  - Bevestiging van deelname is ŉ **vereiste vir voortgesette befondsing** in die daaropvolgende jaar.

- Behalwe vir bogenoemde moet die student onderneem om ná voltooiing van sy/haar studies en graadverwerwing in die land aan te bly en ŉ bydrae te

maak tot die ekonomie, vir ten minste die aantal jare wat hy/sy befondsing ontvang het. Studente wat hul studies in die buiteland wil voortsit, sal toegelaat word om dit te doen, solank hulle onderneem om terug te keer na Suid-Afrika en hier te werk vir ten minste soveel jare as wat hulle befondsing ontvang het. Enige gegradueerde student wat befondsing ontvang het via die DHOO-beursskema en wat wil emigreer, sal die fondse moet terugbetaal voordat hy/sy die land verlaat.

19. Hoe sal NSFAS bepaal of ’n 2018-nuwelingstudent-aansoeker kwalifiseer ingevolge die hersiene studentebefondsingsbeleid soos aangekondig deur die President?

NSFAS doen ’n **middeletoets** om studente se finansiële behoeftes te bepaal. Die middeletoets neem die gekombineerde direkte bruto huishoudelike inkomste van tot en met R350 000 per jaar in ag. Die middeletoets sal onderneem word met die toestemming van die aansoeker en sy/haar ouers/voog/gade sodat NSFAS die huishoudelike inkomste kan verifieer.

20. Sal voornemende studente vanuit gesinne wat deur die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid (SASSA) ondersteun word, of wat Kwintiel 1-, 2- of 3-skole bygewoon het, ’n middeletoets moet ondergaan?

Voornemende studente uit gesinne wat ontvangers is van kindertoelaes of gestremdheidstoelaes wat deur SASSA geadministreer word, sal outomaties vir befondsing kwalifiseer en sal nie nodig hê om die middeletoets te ondergaan nie.

Alle ander studente, maak nie saak watter skool hulle bygewoon het nie, sal geassesseer word aan die hand van die NSFAS-middeletoets om seker te maak dat die aansoeker wel vir die DHOO-beurs kwalifiseer.

21. Ek is ’n nuwelingstudent en kom uit ’n huisgesin met ’n bruto huishoudelike inkomste van hoogstens R350 000 per jaar. Ek het ’n beursaanbod gekry by ’n ander befondser, maar dit dek nie die volle koste van my studies nie. Kan ek in 2018 NSFAS-befondsing kry vir die res van die kostes?

Ja, jy kan moontlik in aanmerking kom vir aanvulbefondsing, mits jy aan die akademiese en finansiële vereistes voldoen.

Die regering en NSFAS moedig die privaat sektor en ander befondsers, insluitende stigtings, ander nasionale en provinsiale departemente, ens. aan om voort te gaan om beurse te verskaf aan studente in die universiteitstelsel.

Nuwelingstudente in 2018 uit huishoudings met ’n inkomste van hoogstens R350 000 per jaar, wat beurse van ander befondsers ontvang het, kwalifiseer

nie vir volle NSFAS-beurse nie. NSFAS sal egter finansiële hulp aan hierdie studente oorweeg op ’n aanvul-basis as hulle nie ten volle befonds word deur hul beurs nie. NSFAS sal met universiteite saamwerk om te verseker dat hierdie studente doeltreffend befonds word en dat daar nie dubbele bevoordeling is nie.

22. Ek is ’n nuwelingstudent, maar het nie aansoek gedoen by NSFAS nie omdat ek nie gedink het dat ek kwalifiseer nie. Ek het wel plek gekry by ’n universiteit. Sal NSFAS hul aansoeke heropen?

NSFAS gaan nie die aansoekproses heropen nie. NSFAS en universiteite het egter ’n proses in plek gestel om te verseker dat studente met aanbiedinge van universiteite hulself aan die universiteit identifiseer as studente vanuit gesinne met ’n gesamentlike bruto huishoudelike inkomste van hoogstens R350 000 per jaar.

Gaan asb. na jou instelling se finansiëlesteunkantoor en identifiseer jouself.

Elke student sal op ’n geval-vir-geval-basis hanteer word tussen universiteite en NSFAS.

Jy sal alle tersaaklike stawende dokumente moet indien soos vereis deur die NSFAS-kriteria. Indien jy wel kwalifiseer, sal jy befonds word.

C: Aansuiweringstoelaes vir die 2018 akademiese jaar.

23. Wat is die ‘DHOO 2018-aansuiweringstoelae’?

Soos wat in 2017 die geval was, sal die regering die styging, wat tot 8% beperk is, befonds vir alle kwalifiserende geregistreerde studente met ’n bruto gekombineerde gesinsinkomste van hoogstens R600 000 per jaar in 2018.

Dit is ’n toekenning wat die stygings in klasgelde en universiteitsbestuurde huisvesting (waar van toepassing) dek, en dit hoef nie terugbetaal te word deur kwalifiserende studente nie.

Om vir die toekenning te kwalifiseer, moet universiteitstudente aansoek doen vir die DHOO 2018-aansuiweringstoelae deur middel van ’n vorm wat bekombaar is van hul instellings.

24. Ek is ’n terugkerende student. Ek het aansoek gedoen en kwalifiseer vir die DHOO-aansuiweringstoelae in 2017. Moet ek weer aansoek doen vir die DHOO 2018-aansuiweringstoelae?

Nee, jy hoef nie weer aansoek te doen nie. Jou instelling het reeds jou inligting en jy sal outomaties kwalifiseer vir die 2018-toelae.

25. As ek ’n terugkerende student met ’n bruto gesinsinkomste van hoogstens R600 000 is en nie in 2017 aansoek gedoen het vir die DHOO-aansuiweringstoelae nie, sal ek kwalifiseer vir die DHOO 2018-aansuiweringstoelae?

Ja, jy sal kwalifiseer as jy aansoek doen en as jou gekombineerde bruto huishoudelike inkomste nie R600 000 per jaar oorskry nie.

26. In 2018 is ek ’n nuwelingstudent en ek kwalifiseer vir die DHOO-beurs deur NSFAS. Moet ek aansoek doen vir die DHOO 2018-aansuiweringstoelae?

Jy sal outomaties kwalifiseer, aangesien die Universiteit jou inligting op rekord sal hê. Jy hoef nie aansoek te doen nie.

27. In 2018 is ek ’n student wat in ’n Kwintiel 1-, 2- of 3-skool was. Moet ek aansoek doen vir die DHOO 2018-aansuiweringstoelae?

Jy hoef nie aansoek te doen nie. Jy kwalifiseer outomaties.